

ONS SLAWE VOOROUERS?

Kom ek stel my eers voor. Ek is Aubrey William Springveldt, gebore 2 November 1952 te Worcester, Wes-Kaap waar ons van met 'n **d** en 'n **t** gespel word. Ek is sedert 1987 aktief besig met stamboomnavorsing en gebaseer op my persoonlike herkoms, was en is my fokus hoofsaaklik op **gekreoliseerde families** van Suid-Afrika. Aanvanklik is die skryfwyse **Spring in't veld** gebruik. Oor die jare het ek die variante Springveld, Springfield, Springfield in Suid-Afrika teëgekom. Ek was gelukkig om my eie stamboom tot by my groot-groot-grootvader Aron Springveldt (gebore 1818) en sy moeder Rozet (later Roset Cupido, gebore 1801) met beskikbare bronne te kon navors. Hulle was beide slawe. Aron se vrou, Sophia was ook van slawe-afkoms. Ek kom later terug om te verduidelik presies **hoe** ek daar uitgekom het.

Die **titel** van ons gesprek is **ONS SLAWE VOOROUERS?** En dis nogal met 'n **vraagteken**.

Hierdie vraagteken kan **ontkennung** beteken. Op hierdie stadium dink ek nie daar is ernstige en ervare Suid-Afrikaanse stamboomnavorsers wat nog 'n probleem het met hierdie **realiteit** nie. Ons onthou egter hoe opspraakwakkend "**Groep Sonder Grense**" van HF Heese in 1985 was.

Die vraag in die titel kan ook beteken dat ons Noord-Transvaalse tak van die Genealogiese Gemeenskap van Suid-Afrika meer wil weet omtrent hul **bewese slawe- voorouers**, hoe om dit **na te vors en** hoe om daarmee **om te gaan**. Ek praat graag oor die onderwerp. Sedert die 1996-demokratisering het literatuur oor slawerny in Suid-Afrika sterk in die voorgrond getree. Daar is heelwat **stamboomnavorsers** wat nou bereid is om hulle **slaweherkoms** te erken en verder te ontgin. Ons is nou in wese besig met **herontdekking** wat kan lei tot die **herinterpretasie** van hierdie **oorwegend versweë dimensie** van ons geskiedenis.

Myne insiens is daar egter ook 'n yslike **valstrik**. Dit is die een waarin ons die kennis omtrent die bestaan van ons slawe-voorouers en/of Khoikhoi voorouers kan laat **vervlak** tot 'n **uiterlike vertoon**. Hulle kan dalk net as **trofee-voorouers** uitgebeeld en aangehaal word, sonder om die dieper pad met hulle te loop. Die studie van ons slawe-voorouers kan dit egter bydra tot 'n hoogs uitdagende **kopskuif**; selfs 'n **hartskuif**. Sommige van ons slaag dalk selfs daarin om op 'n **geprojekteerde pelgrimstog** met ons voorouers te gaan, bewus te word van hulle pyn, hul innerlike stryd en konflikte, hul verwerping en marginalisering in die destydse samelewning. Miskien slaag sommige van ons daarin om hierdie diepe gewaarwordings retrospektief te verwerk en die **spirituele bevryding** namens hulle en in die gees saam met hulle te ervaar.

Wie was ons slawefoorouers? Die oorgrote meerderheid slawefoorouers wie se nageslag in die Suid-Afrikaanse **burgersamelewing** opgeneem is, was die **slawevroue** uit Asië. In **Children of Bondage** skryf Robert Shell breedvoerig hieroor. Hier sal ek graag vir 'n paar minute by die gedig van Diana Ferrus, **Ons Komvandaan** wil stilstaan.

"Was dit my ma se ma se ma, se ma, se ma
of
haar pa se pa, se pa se pa, se pa
in boei,
vasgemaak
en die ponder
in 'n skip gegooi,
..."

Slawerny was 'n werklikheid van die sosiale orde aan die Kaap. Aan die begin van die VOC se Europese nedersetting was dit die gekose sisteem om hierdie internasionale maatskappy se Kaapse verversingspos finansieel te stabiliseer. Jan van Riebeeck het reeds enkele weke na sy aankoms die Kompanjie versoek om slawe te stuur. Ten 1658 was daar reeds 11 slawe hier; 3 mans en 8 vroue. Die eerste twee groepe ingevoerde slawe in 1658 was van Afrika. Die eerste groep is in 1658 buitgemaak op 'n Portugese slawe-skip aan die Angolese kus. Die tweede groep is dieselfde jaar vanaf Wes-Afrika ingevoer. Daarna is hulle tot teen die einde 1700's hoofsaaklik uit Asië ingevoer. Van toe af tot die amptelike vrylating van slawe op 1 Desember 1838 is die slawe weer hoofsaaklik uit Afrika ingevoer. Die Europese werknemers van die VOC was hoofsaaklik mans, en die tekort aan Europese vroue het bygedra tot geslags- sowel as huweliksverbintenisse met inheemse- en slawevroue. Slawevroue van die VOC in die slawetronk (Die Slawelosie), in private besit in huishoudings en op plase was toeganklik vir Europese seemanne, amptenare en soldate. Baie van hierdie vroue is bewese stammoeders van bekende Suid-Afrikaanse burgerfamilies wat later as Wit, Europeërs of Blank geklassifiseer is.

My vertrekpunt en intensies is baie eerlik en opreg. Ons is in sisteme gebore en het vir eeu lank van generasie tot generasie die bestaande geskrewe sowel as ongeskrewe reëls, regulasies en gedragspatrone met min of sonder kritiek aanvaar en gevolg. Dit is van ons verwag en selfs vereis om die tradisies van ons onderskeie, **statusgroepe**, **taalgroepe**, **geloofsgroepe**, of "kultuurgroepe" as deel van ons skoling en opvoeding onvoorwaardelik te aanvaar.

Die studie van die sosiale orde onder die VOC-Bewind aan die Kaap bring sy eie unieke beplande en reaksionere dinamikas aan die lig. Navorsers is daarmee eens dat die eerste inwoners die San (Boesmans) en Khoikhoi was, met wie Jan van Riebeeck so ver moontlik konflikvry moes leef. Hulle was hier, maar hulle was die ander! Die leiers was die VOC en hul uitvoerende bestuur was die hoogste sosiale orde. Daarna was dit die beampes, dan die soldate en laer as hulle was die matrose. Vanaf 1657 het die eerste vryburgers grond langs die Liësbeeck rivier gekry. Intussen het die Kompanjie ook begin om aan ambagsmanne die status van Vryliede te gee. Hulle was hoofsaaklik ambagslui wat teen vergoeding vir medeburgers en die Kompanjie dienste moes lewer. 'n Laer statusgroep was die soldate en matrose wat as voormanne op boereplase diens gedoen het. Hulle was knegte genoem.

Op die heel laagste vlak van die sosiale orde was die ingevoerde slawe – **besittings**, oftewel 'n **kommoditeit**. Die slaaf was 'n **niks**. Hy het geen reg of seggenskap gehad nie. Slawevroue was 'n groot bate vir die Kompanjie en die privaateienaars. 'n Slaweman was 'n belegging vir sy **leeftyd**. 'n Slawevrou was 'n **ewigdurende** belegging, omdat haar kinders en dogters se kinders volgens wet die moeder se status sou aanneem. Slawevroue het 'n addisionele funksie vir die vry mans gehad. Dit is duidelik dat baie mans die slawevroue vir seksuele genot gebruik het. Daar was egter ook diegene wat hul vir slawemaats se vrystelling betaal en hulle laat doop het sodat hulle met mekaar kon trou. Hierdie vroue was hoofsaaklik van **Asië** afkomstig. So kom ons dan voor die uitdaging om ons in die situasie van die slawemoeders te projekteer.

Die slawevroue se kinders het Europese en Asiatische voorkoms gehad. Die bestaande orde was Europees-georienteerd. Ten spye van die volle burgerstatus van vrygekoopte slawe, lees ons duidelike rangordelike kleurdiskriminasie in die beskikbare literatuur. Die slawe uit Afrika en Asië was diegene met donkerder velkleur en hul status (of gebrek daaraan), is onlosmaaklik met die donker huid verbind. Selfs ons kontemporäre, verligte kommentators van oorwegend Europese afkoms praat van die "ontbastering in die blanke gemeenskap" deur die strewe na die huwelike met Europees- en Brits-gebore immigrante. Rassisme is wereldwyd en ook in Suid-Afrika verfyn. Die begrip rassisme

word vandag nog deur baie terminologieë verskans. Ons het 'n sisteem van sosiaal-polities **ingeburgerde ras-gebasseerde klassifikasie** met duidelike ekonomies-rangordelike eksklusiwiteit geërf.

Kom ek haal gou 'n paar ingeburgerde dogmas waarmee ons grootgeword het, aan. Ons is geslagtelank subtel geïndoktrineer. Miskien klink sommige van die volgende uitdrukings vir u bekend vir u bekend.

- 1) Hulle is nie ons of stand klas nie.
- 2) Hy het nie die regte kleur nie
- 3) Hulle is mos Basters.
- 4) Ek is arm, maar Blank.
- 5) Hou by jou soort.
- 6) Hy is 'n K-boetie.
- 7) Hoekom is die kind dan so blas?
- 8) Dis my Mediterreense bloed.
- 9) Dis die erwe van ons vad're.
- 10) "The Spoils of War"
- 11) Elkeen het sy eie kultuur.
- 12) Die verskeidenheid van volke is die wil van God.
- 13) Net 'n graad liger.
- 14) Kyk tog maar na die hare.
- 15) Hoe gaan jou kinders uitkom?
- 16) Oppas vir snoek en ander seevis; jou voortande gaan uitval soos die Kaapse Kleurlinge.
- 17) Hulle is die kinders van Gam en moet die vloek van Gam dra.
- 18) Ma het gesê ek moenie met die Asbekke speel nie
- 19) Jou pa lê mos by sy meide.
- 20) Die Colourds is "**melau**"; hulle het nie 'n (inheemse) kultuur nie
- 21) Julle mense
- 22) Jy praat nogal mooi Afrikaans

VOLGENS DIE INHOUD VAN ONS PRAATJIE IS DIT DIE EINDE VAN ONS EERSTE SESSIE. DIS MISKIN 'N BIETJIE LANGER AS DIE BEPLANDE 15 MINUTE. DIE DERDE SESSIE SAL 'N BIETJIE KORTER WEES.

TWEEDE SESSIE

GEVALLESTUDIE A Eva van de Kaap/Carolina Charlotte Weber

Ek het vandeelsweek op Radio Sonder Grense op die program "Vanwaar Gehasie?" met Amore Bekker oor die herkoms van die Weber-familie van Suid-Afrika gepraat. Die geval **Carolina Charlotte Weber** het my belangstelling reeds jare gelede geprikkel, maar ek kon haar nie by die praatjie insluit nie en het haar liewer vir vandag se praatjie bewaar.

Sy was amptelik eers slegs as die slavin **Eva van de Kaap** bekend. Die beskrywing "**van de Kaap**" is 'n aanduiding dat sy plaaslik as 'n slavin gebore is. Sy het haar slawe-status van haar ma geërf. Maar wie was haar pa? Dit was 'n taamlik algemene verskynsel dat die kinders van die slavinne se vaders dikwels soldate, matrose en ander Europeërs was. Dit was moontlik na 'n enkele interaksie, maar kon ook die gevolg van 'n tydelike verhouding gewees het. Soms was die vaders die bemanning van skepe wat hier aangedoen het. Die slawemoeders wat aan die VOC behoort het, het dikwels die kinders onder hul Europese vaders se vanne laat doop. In die geval van Eva van de Kaap, het dit nie gebeur nie. Sy was die **slavin** van **Anton Hebel** en is eers na Hebel se dood gedoop. Eva het in 1795 as 'n hoogs-uitsonderlike geval die erfgename van haar slawe-eienaar geword. Sy is kort daarna op **25 Maart 1796** onder die name **Carolina Charlotte Weber** in die NG Kerk te Kaapstad gedoop.

Die slavin Eva van de Kaap het in 'n **voorhuwelikse** verhouding met **Johann Adam Ulrich** minstens een seun, **Frederick Philip Ulrich** gehad. Hierdie seun is ongeveer 1780 gebore en het met **Cornelia Johanna Wilken** getrou. Hulle twee dogters **Carolina Hendrika Ullrich** en **Cornelia Maria Fredrika Ulrich** het in die vroeë 1800's onderskeidelik met Hendrik August **Enslin** en Petrus Johannes **Steenberg** in Graaff-Reinet getrou. Die slavin **Eva van die Kaap**, oftewel **Carolina Charlotta Weber** se nasate kom nog verder voor in die vanne van haar agterkleinkinders **Weitz, Gous, Smit, Jansen, Burger**, en **Van Niekerk**. Verdere navorsing sal toon watter ander vanne se stamboomstudies hulle sal teruglei na hul slawevoormoeder, Eva van de Kaap.

Carolina Charlotte Weber se eerste opgetekende huwelik was op 26.2.1797 met **David Friedrich Heydel**. Heydel was aanvanklik 'n soldaat wat in 1788 uit Schonau , Sakse hier aangekom het. **Geen kinders** van die Heydels is deur GISA nagevors en opgeteken nie. Die interessante opmerking in GISA se reeks is dat Carolina Charlotte Weber die **weduwee** van Anton Hebel, haar slawe-eienaar was. As hulle in 'n saamleef-verhouding was, kan dit verklaar waarom Eva as Anton Hebel se enigste erfgenaam aangewys is.

Na Heydel se sterfte het Carolina op 19.12.1802 met **Johan Heinrich Greiling** van Leipzig getroud. Met sy sterfte het Greiling al sy besittings aan sy vrou en haar kinders by Johann Adam Ulrich bemaak. Die implikasie hier is dat die tweede kind van Ulrich, **Johannes Petrus Philippus Ulrich** ook die slavin Eva van de Kaap s'n was en nie sy amptelike getroude vrou, Rosa Catharina Pitzer s'n nie. Dit bring dus die moontlikheid van verdere vroeë burgerfamilies as afstammelinge van die slavin Carolina Charlotte Weber in die prentjie. Dit sluit in **Kiefer, Krützmann, Baard, Hallman en Sharley**.

Ons moet egter daarop let dat daar nog twee ander ongekoppelde Ulrichs in GISA se registers opgeteken is. Nie alle Ulrichs is dus afstammelinge van Carolina Charlotte Weber nie.

Kort Opsomming

1. Eva van de Kaap tot 1796
2. Verhouding met Johann Adam Ulrich
 - 2.1 Seun: Frederick Paul Ulrich
 - 2.1 Moontlike Seun: Johannes Johannes Petrus Philippus Ulrich
3. Slavin van Anton Hebel tot 1796
4. Gedoop as Carolina Charlotte Weber
5. Trou met David Friedrich Heydel 1797
6. Trou met Johann Heinrich Greiling 1804

GEVALLESTUDIE B The Weber Family of Genadendal

Ek het wel in Woensdag 10 Maart se Weber-gesprek na **Esechiel Williams** se boekie oor die Morawiese Weber-familie van Genadendal verwys. Weber is 'n baie bekende Duitse van. Nie minder nie as 53 Duitse Weber stamvaders is in GISA se Suid-Afrikaanse geslagsregisters opgeteken. Volgens Esechiel Williams se navorsing was Jan Hendrik Weber, ook genoem Johann Heinrich Weber, hulle stamvader. Volgens GISA se registers het hy in 1775 met Dorothea **Couvert** van de Kaap getrou. **Pama** noem haar Dorothea **Combart** en hy het die "van de Kaap"-gedeelte weggelaat. Dorothea was die dogter van Regina van de Kaap en het dus haar moeder se status aangeneem. Ons weet (nog) nie wie haar pa was nie. Hulle het net een dogter, Jacoba Wilhelmina gehad voordat Dorothea gesterf het. In 1778 het hy met **Maria Dorothea Luttig** in die Paarl getrou. Een van hulle seuns was Francois Johannes Weber wat met Maria Margaretha van Aarde getrou het. Francois en Maria seuns was (1) Hendrik Johannes Engelhard Weber (*1802), en die tweeling (2) Hendrik Jonas Weber en Eduard Franz Weber (*1807).

Eduard Franz het op hul plaas Kwartelrivier in die Rivier-Sonder-End distrik op die Bruin Meisie **Anna Catharina Coerland** verlief geraak en op 7 September 1834 in Genadendal met haar getrou. Hulle is die stamouers van die bruin Webers van Genadendal. Hendrik Jona Weber het met die vrygestelde slavin Jakoba van Zoettendalsvallei naby Bredasdorp getrou en die Morawiese sendelinge na Elim gevolg.

Skematische Voorstelling

- 1a Johann Heinrich Weber x Dorothea Maria Combart (Couvert) van de Kaap; xx Maria Dorothea Luttig
- b1 Jacoba Wilhelmina Weber
 - b2 Francois Johannes Weber x Maria Margaretha van Aarde
 - c1 Hendrik Johannes Engelhard x Christina Kemp (**Burger/ Blank/ Europees/ Wit**)
 - d1 Carel Johannes Francois Weber (1824) x Gertruyda Potgieter; Cradock
 - d2 Johanna Helena Weber (1827)
 - d3 Maria Margaretha Weber (1828)
 - d4 Catharina Magdalena (1830)
 - d5 Carolina Hendrica Weber (1832)
 - d6 Anna Petronella Weber (1835)
 - c2 Hendrik Jonas Weber; *27.5.1807; x Jakoba (gewese slavin) van Zoetendalsvallei (**Oorwegend** Morawiese Nageslag)
 - d1 Elsje Weber (1834)
 - d2 Christina Weber (1836)
 - d3 Andreas Weber (1839)
 - d4 Amos Titus Weber (1841)
 - d5 Martinus Weber (1845)
 - d6 Wilhelmina Jacoba Weber (1849)
 - c3 Eduard Franz Weber; *27.5.1807 x Anna Catherina Coerland 7.9.134 in Genadendal (**Morawiese Nageslag**)
 - d1 Nicodemus Weber (1835 – 1858)
 - d2 Andreas (1837 – 1892)
 - d3 Godlof Weber (1841- 1927)
 - d4 Hendrik (1844)
 - d5 Wilhelmina (1851)

GEVALLESTUDIE C MC VOS

Michiel Christiaan Vos is ons eerste invloedryke plaaslik-gebore Christen wat die bekering van die slawe en die “heidene” as sy roeping beskou het. Hy het in Nederland gaan studeer, in 1794 teruggekom en ‘n groot rol in Sendingwerk gespeel. Hy het sy outobiografie in die vorm van briewe aan ‘n vriend geskryf. Ek is verbaas dat hierdie reus nie ‘n meer prominente plek in ons opleiding kry nie. MC Vos is ‘n direkte afstammeling van Christiaan Bock en die slavin Engela van Bengale. In die eerste paar geslagte van Christiaan en Engala het van hulle vroulike nageslagte met **Fichtener, Smith, Nieuwoudt, Steenkamp, Pienaar, Gous** en **Fuchs** getroud. Dit maak dit dus makliker vir hierdie families om ook hul slawe-herkoms te bewys.

b1c2d1e1 in die Bok-lyn is **Christiaan Jacobus Bok**. Hy is die stamvader van Rehoboth se Bok-familie wat die Benaming Rehoboth Basters as hul politieke en kulturele identiteit aangeneem en met trots uitgebou het.

Aus: Diese Dinge geschehen nicht einfach so

“Wir wissen erst wer wir sind, wenn wir wissen woher wir kommen”

En

“... und wir erfahren dass unsre Wunden erst dann heilen, wenn wir anfangen, unsre Geschichte zu erzählen”

Ons weet eers wie ons is wanneer ons weet waarvandaan ons kom.

En

“... ons ervaar dat ons wonde eers genees as ons begin om ons stories te vertel.”

DOKUMENT: KWARTIERSTAAT VAN MC VOS

DIT IS DIE ENDE VAN DIE TWEEDE SESSIE VAN 15 MINUTE

DERDE SESSIE

DIE SPRINGVELDT-FAMILIE VAN WORCESTER

Vroeg in die tagtigerjare het ek reeds by die argief in Queen Victoriastraat gaan besoek aflê, maar kon geen hond haaraf maak nie. Dit was eers in 1987 dat tegelykertyd met my eie **stamboom** en die Springveldt **stamregister** begin. Aan die begin was dit maar 'n lekker rondkrappery in die donker. Ek was by die NG-Kerkargief by die Ou Sinodesaal in Queen Victoriastraat en het daar net Tulbagh se Rynse Kerk se boeke gevind. Ek het geweet wat ek wou doen, maar het absolut nie geweet hoe nie. By die argief het ek Advokaat William de Villiers van die Wes-Kaapse tak van die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika ontmoet. Hierdie hulpvaardige man was die eerste om vir my inligting van die Springveldt-familie van die Mamre-omgewing aan te stuur. Daarna was die raad van Pam Cerff en ander van oskatbare waarde. William de Villiers het my na hulle takvergaderings genooi en kort voor lank was ek 'n lid van die tak. Vir 'n jaar het ek selfs op die bestuur gedien, maar as gevolg van skoolverpligte kon ek nie meer vergaderings inpas nie.

Ek het darem nou 'n idee gekry dat ek by die argief geholpe kon raak. Met die hulp van die argiefpersoneel het ek myself geleidelik vergewis van die relevante dokumente en van die prosesse en procedures by die argief.

Ek kon my eie kennis van ons familie as vertrekpunt gebruik. Daarna het gesprekke met senior familielede en kennise gevolg. Hierdie orale navorsing het baie gehelp, maar ook baie nuwe vrae gebring. Grootmense het mekaar begin weerspreek. Nou moes ek rekords van Kimberley kry om sommige van die stories te verifieer. Dit het my 'n paar jaar lank besig gehou en my baie wye draaie laat stap. Dit het my ook gehelp om baie ander met variante van Springveldt oral in die land te ontdek.

In 1693 was **Spring in't veld** in die Khoikhoi deputasie van Kaptein Dorha (ook genoem Kaptein Claas) wat by die Kasteel in Kaapstad kom aanmeld het.

Daar was een **Jantje Springveldt** in die sogenaamde Roggeveld Rebellie.

Prinz Springveld en sy familie, sowel as verskillende ander Springveld-gesinne is as "vrylopende hottentotte" in die Mamre gebied se sensusrolle van 1818 opgeteken.

Springfeld was van die families wat betrokke was by die bou van die kapel van die Morawiese sendingstasie Pella, naby die huidige Atlantis.

Paulus Springfeld en Francisca Norman het die sendelinge vanaf Genadendal na die Oos-Kaap vergesel toe hulle die Sendingstasie Enon in 1818 gaan vestig het.

In die vroeë 1800's kom die van ook in Bredasdorp, Bethelsdorp, Oos-Londen, Kimberley, en sedert die laat 1800's kry ons die variant Springfield ook in Johannesburg, Durban en Port Elizabeth.

My fokus was egter op my Worcester familie. Daarna is ek terug Worcester toe en het toe vir 'n baie beperkte tyd toegang tot die Kerk se registers gekry. In die 1980's was daar nie baie mense wat stamboomnavorsing gedoen het nie, en Kerkrade was nie so geneë om toegang tot hul registers toe te laat nie. Een van ons ouerlinge, Broer Edward Haas, het egter die deur laat oopgaan. Die ander geluk was dat byna al ons voorsate lidmate van die destydse Evangeliese Rynse Gemeente van Worcester was. My broer se seun, ook Aubrey het my oor die toegelate drie dae bygestaan om elke Springveldt se besonderhede na te slaan en af te skryf.

So kon ek tot by my oupa se oupa Aron Springveld kom. Hy het op 26 Januarie 1846 met Sophia Titus getrou. Hulle huwelik was die eerste Springveld-huwelik in Worcester. Ek sou eers vyf jaar later Aron se verdere agtergrond ontdek.

Aron se vrou, Sophia Titus se storie is baie interessant. Sy moes in 1837, toe haar ma, Romana vir haar eie en haar twee ouer sibbe se vryheid betaal het, ook vrygelaat geword het. Maar die eienaar het geweier om haar te laat gaan. Die vasberade moeder sou nie haar dogter so maklik prysgee nie. Sy het namens Sophia 'n saak teen haar gewese eienaar gemaak, maar die skaal was in die guns van die vryman, en teen die oud-slavin Romana. Op 31 Mei 1837, presies 6 maande voor die finale bevryding van slawe, is uitspraak gelewer dat die slawe-eienaar die kind kon hou. Hierdie navorsing omtrent Sophia en Romana het my vir 5 jaar besig gehou terwyl ek eers vir Aron moes los.

Rondom 2008 het ek in alle erns die slaweregisters van Worcester begin deurwerk. Vanaf 1816 moes elke slaaf opgeteken word. Hierdie rolle is in 1834 gebruik om die waarde van die slawe te bepaal sodat kompensasie aan die eienaars na die vrystelling betaal kon word. Die slawe self, het nikks van die Engelse regering gekry nie. Daar ontdek ek toe vir Aron en sy moeder, Rozet. Hulle besonderhede het ooreengekom met die inligting in die Kerkregister en ander bronne in die argief om onteenseglik te bewys dat ons met die regte Aron te doen gehad het.

KOM ONS KYK NA MY STAMBOOOM

Later het ek die dns-toets gedoen en gevind dat my manlike y-chromosoom deur onder andere die inheemse Khoikhoi gedra word. Ses persone is in Asië gevind wat identiese x-chromosoom identiteit as ek gehad het: 2 in Indië, 1 in Sri Lanka en 3 op die Maldiviese eilande.

Na die bevestiging van my slawe-herkoms, moes ek self besin oor my identiteit en my verwerking van hierdie realiteite.

OM AF TE SLUIT

Ons het deesdae 'n baie mooi Afrikaanse akademiese benaming vir die funksionaliteit van die slaaf of slavin – hy of sy was 'n **kommoditeit**.

Slawe is op verkillende maniere verkry. Die Amerikaanse literatuur is gelaai met verhale oor die wreedheid en onmenslikheid van die transatlantiese slawerny tussen Afrika, Europa en Amerika. Die tiranie waaronder die slawe uit Afrika moes ly, word hoofsaaklik met bitter kleure geverf deur die afstammelinge van die oorspronklike slawe in Amerika. Hierdie weergawes word seker deur die gemiddelde Amerikaner van Europese afstamming as bedekte aanvalle op hulleself geïnterpreteer en lei gewoonlik tot 'n onwillekeurige reaksie en intense verbale en ander teen-aksies. Dit verdiep myns insiens die ontwikkelde klowe tussen die "African Americans" en die "Americans".

Ons posisie in Suid-Afrika is uniek. Ons sosiale orde het op 'n sekere manier ontwikkel. Ons het huis gevoel in ons verskillende verwantskappe en groepe. Die meeste van ons gevestigde families wat mettertyd by verskillende kulturele groepe geaffilieerd geraak het, is beslis geneties vermengd. Ons genealogie studie bewys ons ver mengdheid. Dit word nou ons plig en verantwoordelikheid om na 'n haalbare sosiale orde te strewe. Die woorde van Johan Wolfgang von Goethe raak my diep:

“Altes Fundament ehrt man; darf aber nie das Recht aufgeben wieder einmal von vorne zu gründen!”

“Die ou fondasies eer ons; ons mag egter nie die reg opgee om nuwes te vestig nie.”

1THESSALONICENSE 5:21 Ondersoek alle dinge en behou die goeie.